

12 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: Handeling 7:1-8 (1953/1983-vertaling)**  
**Fokusgedeelte: Handeling 7:2**

### **Aan God al die eer vanweë sy Majesteit**

Daar is baie plekke waar God se grootheid, sy Majesteit, na vore kom. Daarvoor moet Hy as God geëer word. Sy wonderbare pad wat Hy egter met sondaars loop, moet elke gelowige steeds in aanbidding voor Hom laat buig.

Stefanus, die diaken, is voor die hoëpriester gedaag vanweë die tekens en wonders wat hy gedoen het (hfst. 6:8), want hy het deur die Heilige Gees besondere wysheid gehad (hfst. 6:10). In sy verhoor voor die hoëpriester tree hy met hierdie wysheid op deur sy aanklaers op die grootheid van God in die geskiedenis van Israel te wys. Hy roep Abram uit Ur van die Chaldeërs. Maar daar was hy en sy familie afgodsdienaars. Josua 24:2: *Lank tevore het julle voorvaders – Tera en Haran – anderkant die Eufraat gewoon en hulle het ander gode gedien* (ook vs 15). As Abram uit Haran trek waar hy saam met sy pa Tera gebly het, gaan hy tot by die terpentynboom More. Die Kanaaniete wat daar gewoon het, het in die geritsel van die boom se blare die stem van die gode gehoor. Hier vind Abram hom tuis, totdat God weer aan hom verskyn en dan bou hy vir die Here 'n altaar (Gen. 12:7). Nou was hy waarlik aan God verbind.

Dit is die wonderlike pad van die *God aan Wie al die eer toekom*. God wat Almagtig is in sy Majesteit. Geen afgod is vir Hom 'n verhinderende. Hy breek skanse af. Hy sluit die Verbond wat altyd vas sal bly staan. Genesis 17:7 – *Ek sal My verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou ... om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou*. Hiervan sê Stefanus dat God met Abraham 'n verbond gesluit het, waarvan die besnydenis die teken is. Die besnydenis wat na die bloed van Jesus op Golgota heengewys het. Golgota waar God sy heerlijkheid helder laat skitter deur sondaars soos ons uit die dood en die hel te red.

Sing: Psalm 148:5 (1936)

Ds LD (Lourens) Aucamp (Emeritus Cullinan)